# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**17 April 2022**




Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


## Goeie Vrydag 15 April 2022

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Matteus 27: 45 - 46 en Hebreërs 10: 19 - 25 |
| **Tema** | ***Lewe-met-God oopgesterf!*** |
| **Sang** | Psalm 149: 1, 4<br>Psalm 20: 6, 7<br>Lied 383: 1, 2<br>Lied 385: 1, 2 |

Dit is volbring!" Dit is 'n triomfantlike hoogtepunt in die geskiedenis. God onderstreep dit met 'n aardbewing, rotse wat verkrummel, grafte wat oopgaan en die voorhangsel van die tempel wat deur God middeldeur geskeur is. Hoe die voorhangsel geskeur het, word nie gesê nie. Wat wel belangrik is: Die gordyn wat die Allerheiligste van die res van die tempel skei, is weggeneem. Die Allerheiligste was simbolies die woonplek van God. Niemand kon daar ingaan behalwe die Hoëpriester wat eenkeer per jaar versoening moes doen vir sy eie en die volk se sonde (Lev 16:11). Sonde bring altyd skeiding tussen God en mens. Die Here plaas gerubs voor die ingang na die tuin om die mense weg te hou van die Boom van die Lewe. Toe Jesus sy versoeningswerk voltooi het, het Hy vir eens en altyd daardie skeiding tot niet gemaak. Ons het vrye toegang tot die troonsaal.

Die verreikende gevolge daarvan word in Hebreërs 10 met 3 "Laat ons .." deur die Heilige Gees aangemoedig om ons versoening konkreet te leef. Wat 'n wonderlike voorreg het ons vandag dat ons nie tussengangers nodig het om na die Vader te gaan nie. Sy troonsaal se deur staan elke dag vir ons oop! Tot in die ewige toekoms word ons deur die Heilige Gees verseker dat die nuwe bedeling gekom het, om te bly! Alles wat met die sondeval droewig toegegaan en toegeslaan het, skeur en bars en breek genadiglik oop. Die voorhangsel het die Jode konstant daaraan herinner dat die poort na die ware lewe gesluit was. Dink u die verbasing van die priesters by die tempel in - op die uur van die aandoffer sien hulle in die allerheiligste in. Hulle sien die ark die eerste keer. Diè Hoëpriester bring die volmaakte offer aan die kruis. God neem die offer aan.

Ons verkry deur Hom vrye toegang tot God (Heb 10: 19, 20)! Die mensdom se leef-om-te-sterf-lewe, is verby. Die dood is nie meer die afsny van die lewe nie, maar 'n deurgang, poort na die lewe! Die hart breek oop! Toe Jesus sterf, kom 'n belydenis aan die voet van die kruis: "Waarlik, hierdie man was werklik die Seun van God." Dooies loop in die strate rond. Goeie Vrydag roep ons op om met dankbaarheid te weet: Ons het deur die wedergeboorte en geloof wat deur die Heilige Gees in ons gewerk is, 'n permanente nuwe bedeling. Ons is nooit sonder God nie. Maar ons het ook 'n evangeliseringstaak: Jood en Griek kan die heiligdom betree en voor God staan as profete, priesters en konings. Die Heilige Gees roep ons om die nuus aan die wêreld te verkondig.

# SONDAG 17 APRIL 2022

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Daniël 12: 1 - 4 en Lukas 24: 1 - 12 |
| **Tema** | ***Jesus het waarlik as Koning oorwin*** |
| **Sang** | Psalm 47: 1, 2<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Skrifberyming 9-3: 1, 2<br>Skrifberyming 14-3: 2, 3<br>Skrifberyming 18-7: 2, 9 |

Glo dat Jesus uit die dood opgestaan het! Ten spyte van die feit dat Jesus sy dissipels telkens daarop gewys het dat Hy uit die dood sou opstaan, was hulle steeds verbaas toe hulle die nuus kry dat Jesus se liggaam nie meer in die graf is nie. Thomas het selfs gesê dat hy die opstanding alleen sal glo indien hy self sy hande in Jesus se wonde kan druk. Nie die Sadduseërs, Grieke of Romeine het geglo dat God 'n individu uit die dood sal laat opstaan nie. Die geloof in die opstanding van Christus was vir die mense van daardie tyd moeilik om te aanvaar. Dit het teen hulle denke ingedruis, net soos vandag. Daar moes dus iets indrukwekkend gebeur het om soveel mense se denke in so 'n kort tydjie te verander. Dit moes so indrukwekkend gewees het dat dit al hulle vooropgestelde idees kon vernietig, want ons lees dat duisende mense ná Christus se hemelvaart tot geloof gekom het (Hd 21:20)

So 'n wêreldbeeldverandering kon net plaasvind indien hierdie gelowiges Jesus ná sy opstanding gesien het. Daar is ook 'n rasionele bewys in hierdie gedeelte dat dit wat ons in die Bybel lees oor die opstanding van Jesus, waar is.

Dit handel rondom die eerste getuies wat uitgestuur is om te gaan vertel van Jesus se opstanding. Die heel eerste getuies was vroue. Maria Magdalena, Johanna en Maria word na die dissipels toe gestuur om vir hulle te gaan sê dat Jesus uit die dood opgestaan het. Vroue is destyds nie as betroubare getuies geag is nie. Indien die dissipels daarom 'n storie sou wou opmaak oor die opstanding van Jesus, sou hulle beslis nie hierdie vroue genoem het as die eerste getuies nie. So waarom het die skrywers van die evangelie, in hulle weergawe van wat gebeur het, genoem dat hierdie vroue moes vertel van die opstanding? Omdat dit werklik gebeur het. **JESUS HET OPGESTAAN!** Die apostel Paulus bevestig in 1 Kor 15 dat Jesus aan honderde mense verskyn het en dat Hy die eersteling van die oes was, ons is die res van die oes wat oor tyd ingesamel word.

Die kroon van die Koning is op Sy hoof. Na die duisternis van die kruis, skyn die lig helder. Geen duisternis meer nie, maar 'n ewige lig. Geen donkerheid van dood, graf en hel nie, maar 'n lewe vol lig wat straal van die lig wat bly tot in ewigheid. Hierdie lig wat bly skyn tot in ewigheid moet ook in ons harte skyn. Die Koning het opgestaan. Die Koning leef. Die Koning heers tot in ewigheid.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons is dankbaar dat Louis Marx tuis is. Ons bid hom en Gerda die seën van die Here toe met die herstel.
* Ons dank die Here dat Ben Bronkhorst goed aansterk na sy operasie. Ben sien die 20ste weer die dokter. Baie sterkte vir jou en Sarie tydens jou herstel.
* Ons bid vir Johan van Biljon wat Woensdag in Zuid Afrikaans in Pta opgeneem is. Mag God jou en Annemarie deur die tyd van siekte en beproewing in die geloof bly versterk.
* Ons bid vir Theuns Botha wat 'n gewas in die heup het en chemoterapie ondergaan. Ons dink aan Annetjie, ma Rykie en die familie in die moeilike tyd.
* Baie dankie van ds Sarel en Tialeen vir al die boodskappe en oproepe van meelewing wat ons ontvang het. Ons waardeer elkeen opreg. Dit gaan goed met Tialeen en haar liggaam moet nou herstel en genees.
* Ons bid almal wat die naweek op die pad gaan wees 'n voorspoedige reis toe. Geniet die wegbreek en kom veilig terug.

## HEMELVAART DAG DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 26 Mei 2022 om 18:00 sal hê.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 17 APRIL

**Diensbeurt: A2 Faunapark**

**Katkisasie: Geen**

**Ouderling: Willie Eilers**

**Diaken: JN Beyeneveldt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 19 Apr 2022 | 09:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 20 Apr 2022 | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 20 Apr 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 21 Apr 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 21 Apr 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |

## TEESKINKBEURTE



**17 April 2022**
Geen tee of koffie word bedien nie agv die langnaweek.

**24 April 2022**
Bettie Du Plessis
Alida Fraser
Alida Jansen
Daleen Korff
Hester Korff



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| Ma 18 Apr | Hantie Hoogenboezem<br>Wiekie v Ree | 57<br>48 | B<br>B | 082 699 0202<br>079 507 4563 |
| Di 19 Apr | ***Anna du Toit **** <br>Anne-Marie vd walt<br>Anneré Nieuwoudt | ***77***<br>41<br>26 | B<br>B<br>B | 083 305 7855<br>078 025 2045<br>071 868 1467 |
| Wo 20 Apr | Terry Peyper<br>Susan Coetsee<br>Rinus Wolmerans | 64<br><br>50 | B<br>B<br>B | 082 853 6074<br>083 626 5423<br>082 259 1051 |
| Do 21 Apr | André vd Merwe | 65 | B | 082 453 5366 |
| Vr 22 Apr | Peet Oosthuizen | 36 | B | 073 057 0870 |
| Sa 23 Apr | ***Fanie Hattingh ***** <br>Dolly Geldenhuys | ***80***<br>55 | B<br>B | 082 556 7681<br>072 082 5334 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Wo 20 Apr 1996 | Jaco & Anna Nel | 26 | 083 337 3486<br>083 696 9089 |
| Sa 23 Apr 1977 | Francois & Heila Lessing | 45 | 083 626 0185<br>083 627 4191 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!*

*Jeremia 29: 11*

## KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as diaken:

**Diakens:**
Thinus vd Walt
Corne v Greunen

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

## KERKKANTOOR

Neem asb kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees vanaf 13 April 2022 tot 19 April 2022.

# GK Pietersburg Susters

17 April 2022

# Padkafee




Die tyd het weer aangebreek vir ons Padkafee.

Ons kerkgebou word weer omskep in 'n Padkafee van ouds, en vanaf **18:00 op Vrydag, 22 April 2022,** staan ons vriendelike kelners en bekwane kombuispersoneel gereed om u bestellings te neem en voor te berei.

**Op die spyskaart is:**

*Hamburgers & Skyfies @ R40*

*Melkskommels @ R20*

**Op die kennisgewingbord is 'n lys aangebring waarop julle asseblief u naam moet invul indien julle saam gaan kom kuier en eet.**

Die afgelope paar jaar het ons oorweldigende reaksie uit die gemeente ontvang in verband met donasies vir die Padkafee! Baie dankie vir julle hulp en ondersteuning, daarsonder sou hierdie funksie nooit 'n sukses gewees het nie. Ons het asseblief weer julle hulp nodig.

**Die volgende is bestanddele wat ons nodig het vir ons Padkafee:**

30l Langlewe Volroom Melk

10 x 5l Roomys

± 2 Kassies Tamaties

± 7 Koppe Blaarslaai

20 Dosyn Hamburgerbuns

Enige kontantdonasies is ook welkom.

**Dui asseblief op die kennisgewingbord aan waar julle graag wil help.**

**Ons hoop om saam met elkeen van julle te kuier by ons Padkafee op 22 April 2022, vanaf 18:00**

# GEMEENTEKAMP

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



# GEMEENTEKUIER

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekuiertjie by Villa Maroela op Maandag 2 Mei 2022 . (Die openbare vakansiedag na Werkersdag)***



Dit is op die leeu plaas van Albie en Riana Olivier.

***Elkeen bring sy pieknie mandjie met vleis en drinkgoed saam.*** Die aktiwiteitskommissie sal sorg vir pap en sous.

Daar is 'n swembad ens om die kinders besig te hou terwyl die ***"groot kinders"*** lekker saam kuier.

***Toegang is R 80 per persoon wat hoërskool kinders insluit en kinder van 3 - 12 is R 50 per kind.***

Daar sal hout te koop wees of bring jou eie braai hout en / of charcoal saam. Braai geriewe en badkamers is beskikbaar.

Kom kuier lekker saam met ons by Villa Maroela. Dit gaan 'n gemeentekuier wees wat nie vergeet sal word nie!!!!!!!

***Plaas jou naam op die lys agter in die portaal. Vir verdere inligting kontak vir Theuns Du Preez op 064 527 7432.***

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Maar vir hulle het hierdie verhaal na onsin gelyk en hulle het die vroue nie geglo nie.*

*Lukas 24: 11*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS